MATTEUS 14:22-33 NGK MIEDERPARK 19/9/10
TEMA: VREES Ds Okkie Cilliers

Wat is vrees?
Die antwoord is voor die hand liggend: dit wat jou bang maak. Sommige daarvan is baie klein en dit bly net vir ‘n klein rukkie in jou lewe. Sommige daarvan is baie groot en die angs wat dit veroorsaak is enorm.
Wat veroorsaak vrees?
Baie dinge. Somtyds veroorsaak *die Here* dit (let op dat Jesus hierdie hele episode op die see beplan het: Hy het hulle oorgestuur na die oorkant toe en alleen agter gebly). Hoekom die Here toelaat dat situasies ontwikkel waar angs jou wil versmoor weet ek nie en ek het ook geleer om nie goedkoop antwoorde te gee nie. Somtyds veroorsaak *jy self* die golwe en die wind in jou lewe en dan kan dinge lelik skeef loop. Dit kom deur sonde, verkeerde keuses, moedswilligheid, verkeerde woorde… Dis dié goed wat maak dat jy deur die nag roei en jy weet dat dit op **niks** gaan uitloop nie en jou keel trek bot toe. Ander kere is dit *ander mense* wat jou so bang soos ‘n spook op die water maak. Want mense kan verskiklike dinge doen en sê. Soos die spook op die water kom daardie mens op jou afgeloop en jy weet dat hy groot pyn en ellendes gaan veroorsaak en al wat jy kan doen is om van angs te skreeu. Dikwels sit daardie mense saam met jou in die boot en hulle is veronderstel om jou te dra, maar hulle los jou alleen, steek jou in die rug en gooi jou vir die honde. Dan is daar ook *die dinge wat net gebeur* waaroor jy geen beheer het nie. Dinge soos siekte, geld wat nie gate toemaak nie, ongelukke wat gebeur… dit kan jou mal van vrees maak want jy weet nie wat om te doen en wat om die volgende draai vir jou wag nie.

Wat is die gevolge van vrees?
Vrees vat jou selfvertroue weg. Dit begin klein met ‘n effense windjie wat opsteek. Maar die wind word ‘n magtige storm. As die wind effens waai en die son skyn nog, dink jy dat jy dit kan hanteer. Maar soos die wind erger van voor kom en die son onder gaan en later middernag word, sink jou selfvertroue en weet jy dat dit vir jou neusie verby is. *Dan word jy jou vrees.* Eers het jy gedink dat dinge dalk kan skeefloop en later die nag weet jy dat die see vannaand jou einde gaan wees. Dit waarvoor jy bang was, gebeur met jou en die een ding wat jou bang maak lei tot die volgende ding wat jou nog banger maak en later skreeu jy dit van angs uit. *So verloor jy jou perspektief* en jy begin goed sien wat nie bestaan nie. Werklikhede soos Jesus op die water word vir jou spoke en jou logika raak weg. Dit maak nie vir jou sin uit nie, jou denke is deurmekaar en jy maak die verkeerde besluite want die goed klim in jou kop en dit oorheers alles in jou lewe. As jy perspektief verloor sien jy net golwe met die wind van voor en die spook wat op die water aangeloop kom. Dis baie moeilik om logies oor geloof te praat as jy bang is, want God, mens en ek self maak nie sin nie. *Dan kom die mislukkings en die skuldgevoelens:* hoe kon ek dit doen? Hoe kon ek Jesus nie tussen die golwe raaksien nie? Ek moes geglo het en my oog op Jesus gehou het maar toe sien die bange-ek die wind en die golwe raak. Ek beteken niks nie en ek maak altyd ‘n gemors van dinge. Die volgende stap *is dat dit jou verhouding met mense vernietig.* Verwyte kom baie maklik: “Dis jou skuld dat ek laatnag op die oop see is. Ek moes nooit na jou geluister het nie.” Jy begin wonder oor die lojaliteit van die klomp wat saam met jou in die skuit in die wind is: “hoekom het hulle

nie na my gekyk nie? Hoekom het hulle my nie gekeer toe ek in die water geklim het nie? Hoekom het hulle my nie gewaarsku teen die spook nie?" Vrees laat jou mense uit jou lewe skuif en jy wil niks met hulle te doen hê nie omdat jy bang is hulle doen dit weer aan jou. *Op die einde vernietig dit jou verhouding met God.* Hoekom het die Here die ding laat gebeur? Net gister het hy nog 5000 mense kos gegee met 5 brode en nou kan Hy niks aan die wind, golwe en spoke doen nie? Waar is God se hart dat Hy toelaat dat ek die hele nag teen die golwe moet roei? Beteken ek dan niks vir Hom nie?!

Hoe hanteer 'n mens vrees?
Miskien moet eers gesê word hoe dit nie hanteer word nie. Die eerste is die verskriklike sentimentele bog wat ons kan kwytraak as vrees soos 'n nat kombers oor iemand vou en hy sukkel om asem te kry. Dan sê mense vir hom dat hy net geloof moet hê en net die oë op Jesus moet hou! Mense bemoedig hom verder en sê dat hy moet uitklim en op die water moet loop. Dit klink verskriklik mooi, maar dit werk nie en is baie wreed om vir iemand wat bang is te sê. Want hy sukkel om te glo en God maak nie vir hom sin in die golwe nie en hy gaan baie moeilik sy voete in die water sit. Ervaring het ook geleer dat mense wat so preek vir ander "om die oë op Jesus te hou" hulle verantwoordelikheid gemaklik op die Here aflaai. Hulle is (onbedoeld) wrede mense wat jou alleen los. Want Jesus wat skaars tussen die golwe sigbaar is en soos 'n spook lyk, moet kom red wat te redde is by die een watbang is… en die prediker verroer self nie 'n vinger om die bange is te kalmeer en te red uit die golwe wat dreig om te verdrink nie! Terwyl hy verdrink, bid hulle vir hom.
Ek lees van Petrus en Johannes (Hand 4) wat 'n bang bedelaar by die tempel aan sy voete vat en vir hom sê dat hy moet opstaan en loop! Hulle het hom nie net bemoedig met Bybelstekste en 'n vroom gebed nie, *maar hom gehelp om uit sy vrees te kom*.

Nog 'n manier waarop ons dit wil hanteer is om te sê "dat ons nie vir die golwe gaan kyk nie" en ons stel ons vertroue in die Here… maar ons sink! Die skuldgevoelens wat dit veroorsaak is baie sleg, want mense dink dan dat hulle nie regtig glo nie, slegte gelowiges is, nie goed genoeg vir God is nie en dat die Here van hulle vergeet het. Juis dan begin hulle meer vir die golwe kyk wat al hoe groter word en hulle word al hoe banger. Om vrees net "vir die Here te gee" is naïef want daar moet eers ander goed verstaan en gedoen word en mee gedeel word voordat jy die golwe rustig in Jesus se hande kan gee.

Hoe hanteer 'n kind van God vrees?
Jy doen niks daaraan nie! Mense se eerste reaksie is dat dit malligheid is, want Petrus het dan iets gedoen en uit die skuit geklim en op die water geloop – ek moet dieselfde doen! Die teologie agter hierdie argument is iets in die lyn van God-help-die-mense-wat-hulself-help. Waar word in die Bybel van so 'n teologie gelees? Inteendeel, dit kom uit die hel uit. Wie mooi lees sien dat Petrus met sy gelopery op die water byna verdrink het!

Jy doen niks nie. As jy klaar niks gedoen het, kan jy begin loop – *maar eers niks doen en dan loop*. Want in die hantering van vrees het jy met geloof te doen (vers 33); geloof in Jesus wat bepaalde beloftes kom maak het, bepaalde dinge kom doen het en iets tot stand gebring het wat Hy "Sy koninkryk" noem. Binne daardie koninkryk kan niks jou uit sy hande ruk nie (Mat 28:18)

Jy doen niks nie. Want voordat jy uit die boot op die water begin loop, moet 4 dinge gebeur:
1. *Jy moet **kyk.*** Jy moet Jesus tussen die golwe sien voordat jy dit durf waag om uit die boot te klim. Jy moet presies kyk of dit Jesus is en nie ‘n spook is wat die duiwel stuur wat soos Jesus lyk nie. Kyk mooi - jy is nie alleen nie! Jesus is daar tussen die golwe. Sien Hom raak.
2. *Jy moet **hoor.*** Hy praat met jou. Hy sê twee keer “dadelik” vir jou dat jy nie bang moet wees nie. As jy Sy stem hoor, gaan jy in die regte rigting loop. As jy verkeerd hoor gaan jy tussen die golwe verdrink. Jy kan nie maak wat jy dink/voel/glo jy hoor nie – jy moet God se stem hoor voordat jy uit die boot klim.
3. *Jy moet **bely***. Jy moet voor die Here Jesus kniel en erken dat Hy die Seun van God is. As jy nie in ‘n verhouding met Jesus staan nie, gaan jy begin loop en jou geloof gaan eindig in kleingeloof en jy sal verdrink. As jy nie kan bely nie omdat jy met sonde sit wat jou geloof omkeer in klein-geloof, sal jou vrese groter en groter werklikhede word.
4. *Jy moet **praat.*** Petrus het gesê: “Here, as dit U is, sê vir my om te kom.” Met praat word bedoel *gebed.* Hier is die enkele oorsaak van kleingeloof en sink in die golwe: kinders van die Here bid nie! Hulle hardloop in-en-uit by die Here terwyl hulle ‘n paar sydelingse opmerkings na God se kant toe maak. En as die golwe van die lewe woedend slaan en die lewe se skuit sink, dan wonder hulle hoekom is God stil en hulle hoor Hom nie “dadelik sê moenie bang wees nie.” Gebed maak God se krag oop.

Jy kan nie die 4 dinge doen as jy uitklim nie. Jy kan dit net doen as jy doodstil in die golwe is en niks doen nie. Jy gaan dit ook net regkry as jy dit gedoen het <u>voor</u> die wind opgesteek het en die golwe die skuit stukkend begin slaan het. “Niks doen” kan net gebeur as jy Jesus in die oë kyk en Hom vertrou omdat jy ‘n verhouding met Hom het.

- Hierdie 4 dinge kom deur jou <u>stiltetyd</u>. Jou Bybel en jou gebedslewe maak vir jou ‘n pad op die water om te loop. Sonder dit is jy op jou eie.

Dit plaas die hantering van vrees heeltemal in ‘n ander prentjie want dit gaan oor wat jy van God kan sê en nie wat jy van jou storms kan sê nie. ‘n Klomp lastige vrae staan uit:
1. *Hoe gaan dit met jou niks-doen-nie?* Hoe lyk die kyk, hoor, bely en praat dele van jou verhouding met die Here? Jy moet seker maak dat jy hierdie 4 dinge doen, en nie dink dat jy dit doen nie want dis jou enigste behoud. Hierdie goed kry nie vanself koers in jou lewe nie! Eenvoudig omdat die wind so in jou ore raas dat jy sukkel om dit te doen. Onthou ook daar is magte (wat die Bybel die Satan noem) wat nie wil hê jy moet niks-doen nie. Want as jy skarrel om wind en weer uit te sorteer, vat hy jou op ‘n pad wat jou einde gaan beteken. (Kyk na Jesus se waarskuwing in Joh 10:10). Dit kom nie vanself nie want *jy kies om dit te doen en jy wy jou daaraan toe!* Dis ‘n besluit wat jy met jou verstand maak dat jy dit gaan doen en dan doen jy dit. Elke dag. Aanhoudend. Jy berei jou voor vir die wind wat van voor af gaan kom.

2. *Wie is jou spook/golf/wind vandag?* Jy moet genesing van vrees ontvang. Dit beteken nie dat alles wat jou na asem laat hyg gaan verdwyn nie; ook nie dat jy beter gaan voel nie. Maar dit bring ‘n vrede in jou sodat jy met die Here se perspektief kan sien waar jy in die boot moet sit en of jy jou voete in die water moet sit. Vrede laat jou ophou skree.

As jy dit self veroorsaak het met verkeerde besluite, sonde wat gedoen is en foute wat gemaak is… hoor die Here Jesus se stem tussen die gedreun van jou mislukkings en skuldgevoelens. As jy mooi luister hoor jy dat Hy *dadelik* sê dat daar vergifnis en genesing is en dat jy nie langer bang hoef te wees vir die Here se woede nie. Rom 8:1 is genadiglik en duidelik daaroor.
As mense die oorsaak is dat jy benoud wil skree dat jy nie meer kans sien nie omdat hulle jou selfvertroue weg gevat het en bitterheid in jou hart kom bly het, moet jy nie sentimenteel oor hierdie mense dink nie. Twee dinge: (1) Hou gevaarlike mense uit jou lewe uit en (2) as daar reg gemaak moet word, moet jy dit gaan doen. Maak hulle in die Naam van die Here los en gaan aan met jou lewe. Al is jy bang om weer seer te kry, moet jy met die Here hieroor gaan praat sodat jy jou kop kan optel om te leef.
As daar dinge is wat gebeur het wat die golwe oor jou kop laat breek, moet jy in die geloof hierna kyk en gaan kniel voor Jesus met die belydenis dat Hy werklik die Seun van God is. Al lyk dit vir jou onmoontlik om iets aan die dinge te doen, moet/kan jy weet dat die lewende God wat alles in Sy hande het, jou nie sal los nie. Al lyk dit vir jou of die Here jou alleen oorkant toe in die storm gestuur het, moet jy daaraan vashou dat die nag verby sal gaan en dat die dagbreek een of ander tyd sal kom. God laat immers ook “alles ten goede meewerk” (Rom 8:28). Werk met wat jy weet en nie wat jy voel nie.

3. *Wat doen jy aan die ander mense wat in die boot sit en van angs skreeu?* Ek hoor die tragiese verhaal van ‘n man wat na die Here soek omdat hy alles verloor het. Niemand in sy kerk het aan hom geraak nie. Hy is terug kroeg toe en sê dat hy daar meer mense gekry het wat na hom geluister het as in sy kerk. Om na bang mense te luister en hulle uit die skuit te help, vra baie van jou (geld, tyd, energie) en min sien daarvoor kans.

- Dis meestal nie die uitsondering in die kerk nie, maar die reel: bang mense word nie gehelp nie en hulle moet alleen teen die wind roei.

Wie lê die Here op jou hart om voor hom te gaan staan en die wind van hom af weg te keer? Moenie vir hom preek, verwyt en net bid nie – doen so dat hy Jesus se stem *dadelik* hoor, opgelig word en so bemoedig word dat hy krag kry om regop in die skuit te kom.

Vrees is nie God se wil nie (1 Joh 4:18) en God het daarmee gedeel sodat jy ook daarmee kan deel. Jesus se laaste woorde was “dit is volbring.” Daarmee het Hy alles wat nodig is om vrees agter jou te sit, vir jou gegee. Hy het dinge tussen my en God, my en myself en my en ander mense ‘n nuwe perspektief gegee. Daarmee kan ek dinge in die oë kyk en in God se krag leef en op die water loop as dit nodig sou wees. Mag jy dit so beleef.
Amen.